

Vraag 1

- 1.1.1 Oor die algemeen goed beantwoord. Baie faktoriseringsfoute is opgemerk.
- 1.1.2 Oor die algemeen goed beantwoord. Van die kandidate het die kwadratiese formule verkeerd neergeskryf. Kandidate het ook gesukkel om die wortels met die sakrekenaar te bepaal, bv. $5 + \sqrt{37} \div 2$ in plaas van om hakies te gebruik.
- 1.1.3 Sommige kandidate kon faktoriseer, maar het dit moeilik gevind om die finale oplossing neer te skryf. Deling of vermenigvuldiging van die ongelykheid met 'n negatief was 'n probleem in die sin dat die ongelykheidsteken nie verander word nie. Baie kandidate kon nie hulle grafiek van die ongelykheid interpreteer nie.
- 1.2 Goed beantwoord.
- 1.3 Swak beantwoord. Baie kandidate het gesukkel met die eksponent- en wortelwette.
- 1.4 Uitbreiding van die wortelvorm is swak gedoen.

Vraag 2

- 2.1.1 Kandidate kon oor die algemeen die verskil tussen die twee rye uitken. Baie het egter nie gesien dat 2.1.1 lineêr was and 2.1.2 eksponensieel nie. Die oorskryf van die formule vanaf die formuleblad was problematies in die sin dat kandidate i en n verwar het.
- 2.1.2 Vereenvoudiging was hier die groot probleem.
- 2.2 Die meeste kandidate het baie swak gevaar met hierdie vraag. Hulle kon net nie 'n beginpunt kry nie. Baie skryf 1; 1; 1; 1; 1 ... as 'n antwoord, maar kon nie afleidings t.o.v r en d maak nie.

Vraag 3

- 3.1 Die betekenis en interpretasie van die \sum notasie benodig baie aandag. Baie kandidate het die eerste term by $t=1$ in plaas van by $t=0$ bereken.
- 3.2 Baie kandidate het die som tot 99 terme i.p.v 100 terme bepaal. Veral tweede- en derdetaalkandidate (Engels) het die som tot drie terme bepaal in plaas van tot 100 terme.

Vraag 4

- 4.1 Sommige kandidate het die eerste verskil met 'n kwadratiese vergelyking verbind. Gevolglik het die meeste van hulle 'n kwadratiese algemene term bepaal.
- 4.2 Hierdie vraag is swak beantwoord in die sin dat $T_{36} - T_{35}$ bereken is.
- 4.3 Goed beantwoord.
- 4.4 Baie swak beantwoord. Ook by hierdie vraag het kandidate dit moeilik gevind om 'n wiskundige argument te konstrueer.

Vraag 5

- Oor die algemeen was hierdie 'n swak-beantwoorde vraag.
- 5.1 Sommige kandidate het die berekening tot die 7^{de} jaar i.p.v die 17^{de} jaar bepaal. Kandidate het die konsepte vermeerdering in hoogte met eintlike hoogte verwar.
- Van die kandidate het $T_{17} = 18 \left(\frac{8}{9} \right)^{16}$ geneem. Nog 'n algemene fout was om $a = 150$ in die vergelyking in te stel.
- 5.3 Kandidate het moeilik die verwantskap tussen die maksimum hoogte en S_{∞} ingesien.

Vraag 6

- 6.1 Kandidate het foute gemaak met die noemer nadat vergelykings gelyk gestel is.
- 6.2 Baie kandidate kon nie die simmetriese as by die hiperbool bepaal nie.
- 6.3 Swak beantwoord. Kandidate het dit moeilik gevind om die funksie te omskryf in die vorm $y = \dots$ of om die inverse te bepaal.

- 6.4 Besonder min kandidate kon hierdie vraag beantwoord. Die vereenvoudiging van $g\left(\frac{1}{x}\right)$ sowel as die kompleks breuke was problematies.

Vraag 7

- 7.1 Redelik goed beantwoord, maar daar was 'n probleem met notasie.
- 7.2 Baie kandidate kon nie die oplossing volgens simmetrie bepaal nie en het dan die sakrekenaar gebruik.
- 7.3 Heelwat kandidate was onseker of hulle deur 3 moes deel of vermenigvuldig. Baie het antwoorde soos $\frac{180^0}{3}$ of $\frac{270^0}{3}$ gekry.
- 7.4 Baie swak beantwoord. Min kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

Vraag 8

- 8.1 Kandidate het *waardeversameling* met *definisieversameling* verwar. Baie kandidate se antwoorde is gegee as $y = \dots\dots\dots$
- 8.2 Min kandidate kon die vergelyking van die inverse bepaal.
- 8.3 Baie swak beantwoord. A.g.v fout(e) in 8.2, het kandidate gesukkel met die vergelyking van die asimptote.
- 8.4 Baie kandidate het nie besef dat transformasie van die oorspronklike grafiek gebruik moes word om die antwoord(e) te bepaal nie. Min kandidate kon hulself wiskundig uitspreek.
- 8.5 Baie swak beantwoord in die sin dat baie kandidate nie besef het dat $x > 0$ geldig is by die log funksie nie.

Vraag 9

- 9.1 'n Redelik goed beantwoorde vraag ten spyte van die log. Baie kandidate het egter die waardes vir A en P omgeruil. Daar is nie besef dat $n < 0$ nie 'n oplossing kon wees nie.
- 9.2 Goed beantwoord. Tog was daar te veel kandidate wat verkeerde formules gebruik het. Baie kandidate kon nie die verband tussen 9.2.1 en 9.2.2 sien nie.
- 9.2.4 Baie kandidate kon nie die totale bedrae bepaal nie.

Vraag 10

- 10.1 Goed beantwoord. Nog steeds te veel notasieprobleme.
- 10.2 Die afgeleide van die term, d.w.s. $-\frac{1}{2x^3}$ is swak beantwoord.

Vraag 11

- 11.1 Baie kandidate het x-afsnitte met draaipunte verwar.
- 11.2 By differensiasie het kandidate nie die vergelyking $f'(x) = 0$ neergeskryf nie.
- 11.3 Goed beantwoord.
- 11.4 Goed beantwoord.
- 11.5 Swak beantwoord. Kandidate het met transformasie gesukkel.

Vraag 12

- 12.1 Baie kandidate het $t=8$ i.p.v $t=0$ as die beginpunt gebruik.
- 12.2 Baie swak beantwoord. Die konsep van *tempo van verandering* is nie goed deur kandidate verstaan nie. Sommige kandidate het $s(4)$ i.p.v die tempo van verandering bereken.
- 12.3. Baie swak beantwoord. Daar was baie verwarring met *tempo van verandering in hoogte* en net *hoogte*.
- 12.4 Baie swak beantwoord. Die meeste kandidate het nie besef dat die tweede afgeleide hier gebruik moes word nie.

Vraag 13

- 13.1 Swak beantwoord. Baie kandidate kon nie die beperkinge bepaal nie.
- 13.2 Goed beantwoord.
- 13.3 Redelik goed afgelees van die grafiek.
- 13.4 Baie swak beantwoord. Dit wou voorkom asof kandidate nie die vraag goed verstaan het nie. Verwarring is veroorsaak deur die vergelyking $P = mx + c$ te gebruik. Die kandidate het alreeds in 13.2 vir $P = 30x + 40y$ bepaal.